

ALGEMEEN:

- Daar was 'n groot verbetering in die tweede nasionale vraestel vir Bedryfseksonomie HG, in vergelyking met die vraestel van 2006.
- Die vraestel was opgestel volgens die nasionale riglyne vir assessering in die senior sertifikaat. Die hele sillabus is gedek en die vrae was volgens Blooms se taksonomie.

AREAS OM IN TE VERBETER VIR 2008:

- Daar is definitief 'n agteruitgang in die handskrif/netheid van kandidate. Die trots op hul werk is nie teenwoordig nie. Kandidate moet aangemoedig word om hul antwoorde op te breek in komponente/paragrafe met toepaslike opskrifte. Dit sal tot hul voordeel wees met die toekenning van insigpunte in afdeling B.
- Spelling is 'n baie groot probleem en 'n daadwerklike poging sal deur die topgesag onderneem moet word om die lees en skryfvermoë van die leerders te verbeter.
- Kandidate moet kan onderskei tussen noem/lys/dui aan en bespreek. Meer detail word verlang wanneer iets bespreek moet word.
- Leerders moet geleer word hoe om "buite die kas" vrae te beantwoord. Dit is vrae waar van hulle verwag word om hul eie mening te gee of om hul antwoorde te motiveer.

VRAESTEL 2007:

AFDELING A:

Het nie probleme aan die kandidate verskaf nie. Die regstelling van 'n ONWAAR stelling verdien aandag.

AFDELING B:

VRAAG 2

Die meerderheid van die leerders het net 'n gedeelte van die vraag beantwoord deur net te verwys na die faktore wat pryse sal beïnvloed. Ander feite wat gegee is, is alles as een komponent gegee sonder enige toepaslike opskrifte. Dit het 'n probleem aan die merkers verskaf. 'n Gewilde vraag wat swak beantwoord is.

VRAAG 3

Die vraag is verkeerd geïnterpreteer deur die kandidate, met die gevolg dat hulle swak punte verwerf het. In plaas daarvan om die faktore wat oorweeg moet word by die keuse van 'n ondernemingsvorm te bespreek, het hulle 'n ondernemingsvorm geneem en dit in detail bespreek.

VRAAG 4

'n Baie gewilde vraag wat goed beantwoord is.

VRAAG 5

Die kandidate wat die vraag beantwoord het, het nie goeie punte verwerf nie omdat hulle nie die detail van die SARB se funksies ken nie. In meeste gevalle is net die opskrifte gegee.

AFDELING C:

VRAAG 6

'n Gewilde vraag by die kandidate.

6.2 is swak beantwoord en dit was duidelik dat die deel van die bemarkingsfunksie (produkresep) nie goed onderrig is nie.

VRAAG 7

'n Gewilde vraag wat goeie antwoorde opgelewer het. 7.6 was problematies. Die kandidate het nie die vraag verstaan nie en het 'n wye verskeidenheid van antwoorde gegee. Dit blyk dat die afdeling oor werkstudie ook agterweë gebly het in die klaskamer.

VRAAG 8

Die volgende probleme oor die finansiële funksie is ondervind:

8.1.3 Die kandidate kon nie die faktore wat die vereistes vir bedryfskapitaal bepaal op Astrapak van toepassing maak nie.

8.2.4 Onduidelike/vae antwoorde is gegee in die vraag oor voorraadbeheer.

VRAAG 9

9.1 Kandidate wat nie die instruksie "om slegs die letter neer te skryf" gevolg het nie, is gepenaliseer.

9.5 Kandidate het nie genoeg inligting gegee in die bespreking van die voordele van die organogram om drie punte te verwerf nie.

9.6 Die bespreking oor hoekom beheer nodig is en die metodes van beheer is swak beantwoord. Kandidate kon nie die definisie van beheer deurtrek na die sakewêreld nie.

VRAAG 10

10.1.1 kandidate verwar die subklousules van die "naamklousule" met die inhoud van die akte van oprigting.

10.1.4 kandidate kon nie die begunstigde van die verskillende voorkeuraandele identifiseer nie.

VRAAG 11

Sommige kandidate het al die vrae beantwoord. Slegs die eerste VYF antwoorde van die eerste VYF vrae wat deur die kandidate beantwoord is, is gemerk.

11.6 Kandidate kon nie geskikte invloede wat 'n effek op besluitneming sal hê, weergee nie. Die vraag is baie swak beantwoord.